# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Nege

**"HULLE HET MET 'N ANDER PAD LANGS NA HULLE LAND TERUGGEGAAN"**
**MATTEUS 2:11**

*Verby die bekende paaie van verdeeldheid na God se nuwe weg.*

Jeremia 31:31-34 - Ek sal 'n nuwe verbond sluit.

Ons weet nie wat die sterrekenners gedink het nie - hulle was deskundiges op die gebied van die sterrekunde en navigasie - toe hulle gewaarsku is om met 'n ander pad langs te gaan. Hulle is gevra om van rigting te verander. Dikwels vind ons onsself vasgevang in ons gewone manier van dinge doen en na die wêreld kyk. God se goddelike voorsienigheid is altyd daar om ons te wys dat daar 'n pad is wat vir ons voorberei is. 'n Vars begin is altyd moontlik as ons bereid is om oop te wees vir die werking van die Gees. Om die nuwe pad te vind gaan onderskeidingsvermoë, nederigheid en moed van ons vra.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur 'n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery